

## Die kenmerke van ‘n Rentmeester



---

### SABBATMIDDAG

#### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

*Hebreërs 11:8–12; Romeine 4:13, 18–21; Matteüs 6:24; Hebreërs 9:14; 1 Johannes 5:2, 3; Lukas 16:10–12.*

#### Geheeteks:

“So moet ons dan beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God” (*1 Korintiërs 4:1, 2*).

**N**et soos wat handelaars deur hulle logogram en handelsmerk gekenmerk word, word rentmeesters ook deur hulle spesifieke gedrag gekenmerk. So het baie besigheidsmense hulleself met ‘n spesifieke handelsmerk vereenselwig en daardeur vir hulle naam gemaak. Die handelsmerk of kenmerk van ‘n Christenrentmeester is die weerspieëling van Christus se liefde, omdat hy of sy ‘n verhouding met Jesus het. Wanneer ons Christus se voorbeeld uitleef, sal ons leefwyse ons kenmerk word. Ons gedrag is dan Sy kenmerk; ons identiteit word met Syne vervang (*1 Korintiërs 6:17*). Hierdie week gaan ons die karaktereienskappe van God se rentmeesters, of hulle kenmerke identifiseer. Hierdie kenmerke sal ons inspireer om na Jesus se wederkoms uit te sien, en om die rentmeesterwerk wat aan ons as rentmeesters van Sy waarheid toevertrou is, getrou te doen. Elke kenmerk beskryf ‘n groeiende verhouding wat ons met die Een wat gekom het om die verlore nes te kom red, kan hê. Hoe meer ons hierdie kenmerke bestudeer, hoe meer sal hulle deel van ons lewens word. God se liefdevolle karakter in al sy volheid, sal ons kenmerk word en elke aspek van ons lewe beïnvloed, vir nou en tot in ewigheid.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 10 Februarie.*

## Getrouheid

“En verder word van die bedienaars vereis dat hulle getrou bevind moet word” (*I Korintiërs 4:2*). Om “die goeie stryd van die geloof” te stry (*I Timoteüs 6:12*), is uiters belangrik vir ‘n getroue rentmeester. “God is getrou” en deur Sy werking in ons, moet ons ook getrou wees. Om getrou te wees, beteken om getrou te bly aan wat reg is, veral in die hitte van ‘n geestelike stryd. Geestelike worstelings tussen reg en verkeer, tussen goed en kwaad, sal sekerlik plaasvind. Dit is deel van die geloofstryd. Die kenmerk van rentmeesters in elke situasie, is die keuse om getrou te bly. As jy lief vir rykdom is, besluit om getrou aan God te bly en te onthou wat Hy oor die gevare van die liefde vir geld sê. As jy na beroemdheid smag, bly getrou aan wat die Woord van God oor nederigheid sê. As jy met wellustige gedagtes worstel, bly getrou aan die belofte van heiligheid. As jy mag wil hê, bly getrou aan wat God sê oor om aan almal diensbaar te wees. Die keuse om getrou of ontrou te wees, word dikwels in ‘n breukdeel van ‘n sekonde gemaak, selfs as die gevolge ewig is.

**Lees** Hebreërs 11:8–12, 17–19, en Romeine 4:13, 18–21. Wat leer hierdie verse ons oor om getrou te bly?

---



---



---

In Hebreëus beteken “getrou” om standvastig te wees. Dieselfde Hebreeuse grondwoord word as “amen” gegee, en dit beteken eintlik om “standvastig” of “ferm” te wees. Getrouheid beteken dat ons deeglik getoets en vasberade aan God se plan toegewy was. Toe hy voorberei het om voor die keiser te getuig, het die Hervormer, Martin Luther, “die Woord van God gelees, na sy eie geskryfte gekyk, en toe gepoog om sy antwoord in ‘n behoorlike formaat voor te berei . . . Hy het nader na die heilige Skrif beweeg . . . en met baie emosie sy linkerhand op die heilige boek geplaas, en met sy regterhand wat hemelwaarts opgehef was, gesweer om aan die evangelie getrou te bly en sy geloof spontaan te bely, selfs al sou hy sy getuienis met sy bloed moes verseël.” — J. H. Merle d’Aubigné, *History of the Reformation* (New York: The American Tract Society, 1846), vol. 2, boek 7, bl. 260, (*vrye vertaling*).

**Lees Openbaring 2:10. Wat behoort die woorde “getrou tot die dood” in ons elke dag se wandel saam met die Here, vir ons te beteken?**

---



---

## Lojaliteit

“Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!” (*Mattéüs. 6:24*). Wat leer hierdie teksvers ons oor hoe uiters belangrik lojaliteit teenoor God is?

---

---

Deurdadig ons weet dat God se naam “Jaloers” beteken (*Eksodus 34:14*), behoort dit ons ‘n wekroep te gee om lojaal te wees. Om lojaal teenoor ‘n “jaloerse” God te wees, is lojaliteit wat op liefde gegrond is. In die geloofsstryd word ons deur ons lojaliteit geïdentifiseer en moedig dit ons aan om aan te hou stry. Ons lojaliteit is belangrik vir God (*I Konings 8:61*). Dit is nie soos ‘n kontrak wat opgestel is om elke toevallige gebeurtenis in ag te neem nie. Dis ook nie ‘n stel reëls nie. Dit is liewer die sigbare uitdrukking van ons persoonlike geloofsoortuigings, ons geloof en ons toewyding.

**Lees I Kronieke 28:9. Wat lees hierdie vers ons oor die belangrikheid van lojaliteit?**

---

---

Waar daar egter lojaliteit is, is daar die moontlikheid van ontrouheid. Lojaliteit, net soos liefde, moet spontaan gewys word, anders is dit nie ware lojaliteit nie. In oorlogstyd word die voorste linies soms geforseer om aan te hou veg; anders word hulle deur hulle offisiere geskiet. Hierdie manne mag miskien hulle plig uitvoer, maar dit is nie noodwendig omdat hulle lojaal is nie. Dit is nie die soort lojaliteit wat God van ons vra nie. Kyk na Job. Hy het nie die katastrofiese gebeurtenisse wat sy gesin uitgewis, sy besittings vernietig en sy gesondheid weggeneem het, voorsien nie. Hy kon sy vertrou, liefde en toewyding opgegee het, maar sy lojaliteit teenoor God was ‘n onwrikbare en standvastige keuse wat hy gemaak het. Eerlik en sonder om bang te wees, het hy God openlik geloof toe hy die bekende woorde geuiter het: “Kyk, al wil Hy my ombring – ek hoop op Hom; ...” (*Job 13:15*). Sy getrouheid ten tye van die rampe wat hom getref het, is die kern van lojaliteit en illustreer lojale rentmeesterskap op sy beste.

**Vra jouself: Hoe lojaal is ek aan die Here wat in my plek gesterf het? Op watter maniere kan ek my lojaliteit beter openbaar?**

---

## ‘n Skoon gewete

Daar is baie kosbare dinge wat ons kan besit. Gesondheid, liefde, vriende, ‘n groot gesin – hierdie is almal seëninge wat ons kan geniet. Maar, miskien is ‘n skoon gewete die belangrikste van almal.

**Lees** *Hebreërs 10:19–22* en *1 Timóteüs 4:1, 2*. Wat beteken ‘n “slegte gewete” en die frase, “wat gebrandmerk is in hulle eie gewete”?

---

---

---

Ons gewetes sê vir ons hoe ons uiterlik lewe. ‘n Gewete behoort met ‘n hoë en ideale standaard gekoppel te wees: God se wet. God het Sy wet op Adam se hart geskryf, maar sonde het dit vervang — nie nét in Adam se hart nie, maar ook in sy afstammeling s’n. Net gedeeltes van die wet het oorgebly. “... omdat hulle [die heidene] toon dat die werk van die wet in hulle harte geskrywe staan, terwyl hulle gewete saam getuienis gee ...” (*Romeine 2:15*). Jesus het geslaag waar Adam misluk het, omdat God se wet “binne-in my [Sy] ingewande” was (*Psalms 40:9*).

**Wat** sê Paulus is ons enigste oplossing vir ‘n slegte gewete? Sien *Hebreërs 9:14*.

---

“Die gewete is soos ‘n kas wat met ‘n spinnekopweb toegespin is, en skoongemaak moet word. Die vensters van die innerlike moet vir aardse dinge toegemaak word en wyd oopgemaak word vir die hemelse dinge sodat die helder strale van die Son van geregtigheid vrye toegang kan kry . . . Die verstand moet skoon en rein gehou word sodat dit tussen goed en kwaad kan onderskei.” — Ellen G. White, *Mind, Character, and Personality*, vol. 1, bl. 327-328, (*vrye vertaling*). Wanneer God se wet in die gelowige se hart geskryf is (*Hebreërs 8:10*), en daar gepoog word om die wet te onderhou, dan is ‘n skoon gewete die waarskynlike resultaat.

**Indien jy al ooit met ‘n slegte gewete geworstel het, weet jy hoe verskriklik dit kan wees, hoe dit jou gedurigdeur pla en aan jou nooit verligting gee nie. Hoe kan jy, deur op Jesus en op Sy dood op die kruis namens jou en vir jou sonde, te fokus, jou vrymaak van die vloek van ‘n skuldige gewete?**

---

## Gehoorsaamheid

Abel het gehoorsaam by die altaar gekniel om die lam te offer, soos God beveel het. Kain, aan die anderkant, het woedend by die altaar gekniel om die vrugte wat hyself gekweek het, te offer. Beide het offerandes gebring, maar net een broer was gehoorsaam aan God se bevel. Die geslagte lam was aanvaar, maar die vrug van die grond was nie aanvaar nie. Beide broers het die betekenis en instruksies vir offerandes verstaan, maar net een was gehoorsaam aan wat die Here beveel het (*Génesis 4:1–5*). “Die dood van Abel was as gevolg van Kain wat geweier het om God se plan vir gehoorsaamheid te aanvaar, naamlik om deur die bloed van Jesus Christus gered te word. Die offerandes het na Christus se dood vooruitgewys. Kain het geweier om bloed te laat vloei, wat ‘n simbool van die bloed van Christus was wat Hy vir die redding van die wêreld sou stort.” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1109, (*vrye vertaling*).

Gehoorsaamheid begin in die gedagtes. Dit is die delikate proses wat plaasvind wanneer die verstand die verantwoordelikheid aanvaar om die bevel van ‘n hoër gesag uit te voer. Gehoorsaamheid spruit uit ‘n verhouding met ‘n gesagsfiguur en die gewilligheid om daardie gesag te gehoorsaam. Wat ons verhouding met God betref, is ons gehoorsaamheid ‘n vrye keuse, ‘n liefdevolle handeling wat ons gedrag om moreel op te tree, vorm. Gehoorsaamheid aan God moet spesifiek volgens Sy leiding wees en nie net soos wat ons dink of wens dit behoort te wees nie. Kain se geval is ‘n volmaakte voorbeeld van iemand wat sy eie kop gevolg het in plaas van om te doen wat God gevra het.

**Lees 1 Johannes 5:2, 3 en Romeine 1:5; 10:16, 17. Wat leer hierdie verse ons oor wat gehoorsaamheid vir die Christen beteken, wie deur geloof sonder die werke van die wet gered is?**

---

---

Ons is gehoorsaam nie om gered te word nie; Ons is gehoorsaam omdat ons alreeds gered is. Gehoorsaamheid beteken om jou morele geloofsoortuiging prakties uit te leef. Samuel het vir Saul gesê, “‘Het die Here behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van die Here? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme’” (*1 Samuel 15:22*).

**Wat het Samuel bedoel met “om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer”? Wat sê dit vir ons as Christene wat ons kan help om nie deel te word van die valse evangelie van goedkoop genade nie?**

---

## Betroubaarheid

**Lees** *Lukas 16:10–12*. **Wat leer ons oor betroubaarheid hier? Hoekom is hierdie kenmerk van ‘n getroue rentmeester so belangrik?**

---

---

---

Hierdie beginsel van betroubaarheid word regdeur die hele Bybel gesien. Byvoorbeeld, in een van die verhale was daar vertrou in die vier owerstes van die Levitiese deurwagters gestel om die Ou Testamentiese heiligdom in die nag op te pas. Hulle moes die skatkamers oppas en die sleutels bewaar om elke oggend die deure te kon oopsluit (*I Kronieke 9:26, 27*). Hierdie taak was aan hulle toevertrou omdat hulle betroubaar was. Om betroubaar te wees is ‘n kenmerk van ‘n goeie rentmeester. Dit beteken dat betroubare rentmeesters die dieper betekenis van hulle rolle verstaan; hulle verstaan dat God betroubaar is en hulle wil daarna streef om net so betroubaar as Hy te wees (*Deuteronomium 32:4, I Konings 8:56*). Betroubaarheid impliseer dat volwasse karaktereienskappe teenwoordig is. In die oë van waarnemers is dit die hoogste vlak wat ‘n persoon se karakter en bevoegdheid kan bereik. Om God se karakter te weerspieël, beteken dat jy sal doen wat jy sê, maak nie saak wat die omstandighede is of hoe mense jou onder druk plaas om anders op te tree nie (*II Konings 12:15*).

Daniël was deur die heersers van twee wêreldkoninkryke as betroubaar gesien. Sy reputasie as ‘n betroubare raadgever wat vreesloos wysheid en waarheid aan konings gebring het, was heeltemal teenstrydig met die konings se waarseërs en towenaars se optredes. Betroubaarheid is die kroonjuwele van die etiek; dit vertoon jou morele beginsels in hulle reinste vorm. Hierdie kwaliteit in ‘n rentmeester verskyn nie ornag nie, maar groei deur selfs in die kleinste take getrou te wees. Andere sien ons betroubaarheid raak. Hulle respekteer ons, want hulle weet ons word nie maklik deur opinies, giere of komplemente beïnvloed nie. Om betroubaar te wees, is dus om te demonstreer hoe ons karakters verantwoordelikhede hanteer terwyl ons hier op aarde vir die hemel voorberei. “Ons moet getroue en betroubare onderdane van die koninkryk van Christus wees sodat hulle wat wêreldwys is ‘n ware beeld van die rykdom, die goedheid, die genade, die teerheid en die hofflikheid van die onderdane van die koninkryk van God, kan sien.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 6, bl. 190, (*vrye vertaling*).

**Dink aan iemand wie jy persoonlik ken wat betroubaar is. Wat kan jy leer van daardie persoon wat jou sal help om ook meer betroubaar te wees?**

### Vir verdere studie:

Nog 'n kenmerk van 'n goeie rentmeester is persoonlike aanspreeklikheid. “Dit was maar altyd die doel van die Satan om die mense se aandag af te trek van Jesus en dit op 'n mens te vestig, en om die verantwoordelikheid van die individu af weg te neem. Die Satan se plan in die versoeking van die Seun van God het misluk, maar hy het groter sukses behaal in sy versoeking van die gevallene mens. Die Christelike godsdiens het besoedel geraak. ...” — Ellen G. White, *Eerste Geskrifte*, bl. 182. As Christus die middelpunt van ons wese is, is ons oop vir Sy leiding. Dan sal ons geloof, lojaliteit, gehoorsaamheid, skoon gewete, betroubaarheid en persoonlike aanspreeklikheid in ons lewens gesien kan word. Sodoende sal ons as rentmeesters in die hande van God volkome gemaak word (*Psalms 139:23, 24*).

Persoonlike aanspreeklikheid is 'n noodsaaklike Bybelse beginsel. Terwyl Jesus op aarde was, was Hy persoonlik aanspreeklik teenoor Sy Vader (*Johannes 8:28*). Ons is aanspreeklik vir elke ydel woord wat ons spreek (*Mattéus 12:36*). “ ‘... En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; ...’ ” (*Lukas 12:48*). Tog is die grootste bedreiging vir persoonlike aanspreeklikheid die neiging om ons verantwoordelikhede op iemand anders af te laai. “Laat ons gedurig onthou dat dit nie ons eie besittings is wat aan ons toevertrou word om te belê nie. As dit was, sou ons die mag om na goeie dinge te handel, vir onself kon toe-eien; dan kon ons ons verantwoordelikheid en rentmeesterskap op ander aflaai. Maar, dit mag nie so wees nie, want die Here het ons persoonlik rentmeesters gemaak.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 7, bl. 177, (*vrye vertaling*).

### Vrae vir bespreking:

1. Kyk na al die verskillende kenmerke van 'n rentmeester wat ons hierdie week bestudeer het: persoonlike aanspreeklikheid, betroubaarheid, gehoorsaamheid, lojaliteit, 'n skoon gewete en getrouheid. Hoe is hierdie kenmerke verwant aan mekaar? Hoe sal laksheid op een gebied na die ander oorspoel? Of hoe kan 'n ferme toepassing op een gebied daartoe lei dat die ander ook nagekom word?
2. Dink nog meer na aan hoe die beloftes van die evangelie diegene wat met 'n skuldige gewete worstel, kan help. Watter beloftes kan hulle vir hulself toe-eien?
3. Ons beskou dikwels die konsep van “lojaliteit” as iets wat vanself goed is. Maar, is dit altyd so? Op watter maniere kan dit moontlik wees om lojaal aan iemand of iets wat nie goed is nie, te wees? Hoekom moet die konsep van “lojaliteit” dan altyd in 'n spesifieke konteks verstaan word om te kan oordeel of hierdie lojaliteit nie goed of misplaas is nie?